



Wes-Kaap SA Boerperd Klub 2015

Die Wes-Kaap SA Boerperdklub het hierdie jaar 'n goeie balans getoon met ruiters, telers en eienaars wat in verskeie dissiplines ons ras se naam hoog gehou het.

Tradisionele en Universele SA Boerperde het suksesvol deelgeneem aan die Wes-Kaap Streekskou wat reeds in Februarie gehou was. 'n Skouverslag is na afloop vd skou aan die Raad gestuur.

Wes-Kaap lede het ook die Nasionale Kampioenskappe wat tydens die Junie/Julie vakansie in Parys gehou was, goed verteenwoordig. Daar het 'n baie goeie spangees en samehorigheid geheers onder die klub se Jeuglede. Hul het op eie inisiatief vir hulle pragtige baadjies laat maak met die SA Boerperd logo wat hul met trots tydens die Nas Kampioenskappe gedra het. Voorts word die baadjies ook getrou by skool aktiwiteite, perdesport byeenkomste, SANESA geleentheid gedra en is dit dan ook 'n uitstekende advertensie vir ons ras.

Die Wes-Kaap klublede was hierdie jaar verantwoordelik vir die opmaak/versier van die Dome. Opregte dank aan die hele span helpers wat hard gewerk het om die tooisels op te sit én af te haal na afloop van die week se verrigtinge.

Ons bedank die Raad en Elize Prinsloo vir hul onbaatsugtige diens en ondersteuning.

L GOUWS

WP Streeksverteenwoordiger

+27 (0)824722494

vivere.lg@gmail.com